NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 1 AUGUSTUS 2021

# TIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Leerkragte***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Efesiërs 4:1-16; 2 Samuel 11:26-12:13a**
**Psalm 51:1-12; Johannes 6:24-35**

| SONDAG, 1 AUGUSTUS | |
|---|---|
| 09:30 | Oggenddiens in die Kerk - Ds Chris Barnardo<br>Nagmaal |
| 09:30 | Kinderkerk in konsistorie – Gr1-3<br>Deuroffer ten bate van Paarl-Skool<br>Erediensspan 3 – Johan Norman |
| | **Geen** Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 2 AUGUSTUS** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 3 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 4 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |

| DONDERDAG, 5 AUGUSTUS |
|---|
| 10:00 Uitvoerende Kommissie Vergadering in Moederskamer<br>09:30 Dienssentrum vir Seniors: Senior Mind Moves<br>15:00 Openbaring Bybelstudie<br>Sopbeurte: Carina De Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder<br>Christine Myburgh, Marina Rogotta, Theresa Swart |
| **VRYDAG, 6 AUGUSTUS** |
| |
| **SATERDAG, 7 AUGUSTUS** |
| |
| **SONDAG, 8 AUGUSTUS** |
| ELFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>AFNAWEEK<br><br>09:30 Oggenddiens in Kerk<br>GEEN Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van Makhathini<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk<br><br>Geen Aanddiens<br>GEEN Senior Kategese |

# KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Ds Chris Barnardo | 082 822 6619 | (021 982 7076 Bestaan nie meer) |
| Ds Hannes Burger | 084 627 3746 | (021 903 1798 Bestaan nie meer) |

# GEMEENTENUUS

1. Salma Loots (Andanté) is oorlede. Innige simpatie aan George Loots en gesin.
2. Ina Hurter (Othello) se ma (Upington) is oorlede.
3. Elmarene Fischer (Bottelary) se suster is oorlede.
4. Frank Hitchinson (Othello) is oorlede.
5. Henty Wickens (Brackenfell) het nog ‘n broer aan die dood afgestaan.
6. Anita Jonas (Brackenfell) en haar kinders, Piet en Renita Gründlingh, is almal in isolasie met Covid.
7. Lodewiek Barnardo (Bunkerstraat) het ‘n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
8. Welkom aan Delaille Rossouw wie se lidmaatskap ontvang is vanaf Valhalla.
9. Ds Chris Barnardo is vanaf Dinsdag 3 Augustus met verlof.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

01/08 Bea Swart, Clariska Kotzé, Bennie du Plessis, Reynier van der Watt, Jani Orlandi
02/08 O'Den van der Westhuizen, Judy Steyn, Hennie Barnard, Miemie Loubser, Anien Heydenrych
03/08 **Mariana van Schalkwyk,** Hein Smit, Carol Kotze, Annette de Villiers, Ronél Marais
04/08 Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche, Sylvia Lötter
05/08 Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough, Dawie Maas
06/08 Mark Lewis, Annalien Volschenk
07/08 Maatjé van der Westhuizen, Francois Maritz, Eloma Lloyd, Vanessa Neuhoff, Hyla Harmse, Alé Johannes

# EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

# JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

| | |
|---|---|
| 1ste Kwartaal | 15 Feb - 23 Apr |
| 2de Kwartaal | 3 Mei - 30 Jun |
| 3de Kwartaal | 26 Jul - 1 Okt |
| 4de Kwartaal | 11 Okt - 15 Des |

# DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

***Alle voorrade is baie laag: Bikkies kos, Droë rantsoene, Toiletware, Melk, Koffie, ens.***

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

# SENIOR BURGER BYBELSTUDIE GROEP

Goeie nuus om die week mee af te skop!!!!!!!!!! Na die President se toespraak en ‘n gesprek met Ds Hannes Burger, is ons baie opgewonde om te kan aankondig dat ons Bybelstudie vir Seniors weer hervat word op Dinsdag 3 Augustus om 9:30 vm. Sien julle daar!!!!!!!

# JEUGKOMMISSIE PROJEK

Die Jeugkommissie vul leë glasflesse met sopbestanddele om ‘n ***Jar Of Hope*** te maak wat saam met die kospakkies versprei word na behoeftige lidmate. Ons gee ook daarvan aan die Susan La Poorta Kinderhuis in Sarepta.

Hulle benodig die volgende

- “Split peas”
- Sop mengsel
- Lensies
- Blokkie “stock”
- Pakkies soppoeier

Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb duidelik JEUG/SOP.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Paarl-Skool

Die Paarl Skool vir neuraal gestremde kinders is in Brackenfell geleë. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl-skool. Met die hulp van spraak-, arbeids- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geëvalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes. Spesiaal aangepasde busse vervoer daagliks leerders na en van die skool vanaf so ver as Wellington, Paarl, Stellenbosch en Gordonsbaai. Gesamentlik reis hulle ongeveer 1500 km per dag. 'n Aantal leerders bly in die skool se koshuis.

Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

# WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling, DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

# PREEKSKETS

**TEMA - WAT BETEKEN HOOP?**

## NAGMAALSDIENS

Prediker: Ds Chris Barando

Skriflesing: Efesiërs 4:16

Fokusteks vers 4b: soos daar net **één hoop** is waartoe God julle geroep het.

1. Kan dit gebeur dat 'n gemeente stil word, kwyn, omdat hulle bietjie vergeet het? En dit laat my by die vraag. Waarheen is ons gemeente op pad? Is dit die roete wat De Eike besig is om te stap? Is dit wat COVID besig is om aan De Eike se lidmate doen? Kan ons toelaat dat dit die verloop van De Eike se storie gaan wees? Dat ons, as gevolg van die omstandighede waarin ons verkeer bietjie vergeet van die kerk. Dat daar na COVID 'n stilte in hierdie kerkgebou gaan wees?

2. Hoe kan vanoggend se Skrifgedeelte ons bemoedig te midde van sulke onsekerheid? Vanoggend hoor ons 'n besorgde dominee Paulus wat navolgers van Jesus aanspoor en bemoedig. Hy vra mooi dat die gemeente hulle roeping moet uitleef en nie na binne gerig moet wees nie. Hy smeek dat mense uit hul loopgrawe moet klim en mense moet aanraak met Hom wat bietjie vergeet word. Hy spoor mense aan om hul roeping uit te leef! 'n Roeping propvol beskeidenheid, vriendelikheid, geduld, verdraagsaamheid en vrede

3. Wanneer jou lewe hierdie onbeskryflike mooi klanke van beskeidenheid, vriendelikheid, geduld, verdraagsaamheid en vrede deur die strate van De Eike laat weergalm sal mense ook ophou werk, hulle sal ook in hul spore stop om daarna te luister. Hulle sal weet dat iemand wie se lewe van hierdie hemelse klanke getuig HOOP reg verstaan. Hoop wat een van die sewe gronde van gelowiges is waarna Paulus in vers 4 en 5 verwys.

**LUISTER GERUS HIERDIE SONDAG NA DIE PREEK OP DE EIKE SE WEBTUISTE OF OP FACEBOOK SODAT JY MET DIE VOLLE BOODSKAP GEVOED KAN WORD EN SAAM DIE NAGMAAL KAN GEBRUIK**